

# HERSTEL

## &

# HERBOU

70 Weke



483 Jare

*“In die derde jaar van die regering van koning Béliasar het aan my, Daniël, ‘n gesig [droom] verskyn ná dié een wat die vorige keer aan my verskyn het.”* – **Daniël 8:1** In die jaar 538VC, het Daniël ‘n droom van God ontvang. **(2-14)** Dit het bestaan uit vier hoofdele, naamlik ‘n Ram, ‘n Bokram, ‘n Horing en laastens ‘n profesie van 2300 dae wat verbind was met die herstel tot die regte staat van ‘n heiligdom of dan nou die reiniging daarvan. Daniël wou graag hierdie droom verstaan en die engel Gabriel het die opdrag ontvang om Daniël te help verstaan. **(15-26)** Hy het alles behalwe die 2300 dae profesie verduidelik, sienende dat Daniël siek geword het. Die storie spring dan na **Daniël Hoofstuk 5** waar die Mede-Persiese koninkryk die Babiloniese koninkryk oorwin het, en dan gaan die verhaal aan in **Daniël 9:1** wat sê *“In die eerste jaar van Dariús, die seun van Ahasvéros, uit die geslag van die Meders, wat koning gemaak was*

*oor die koninkryk van die Chaldeërs, ”*

Hier vind ons weer vir Daniël, alhoewel bekommerd oor die Tempel van God wat nog in verwoesting is en sy volk wat in gevangenskap is, besig om die Skrifte te studeer vir antwoorde. Hy is oortuig dat hierdie dinge die gevolg is van die sondes van sy volk en begin dan om te bid om Israel se sondes te bely voor God en om vergifnis te vra van Hom. (3-21)

Terwyl Daniël besig was om te bid het die engel Gabriel terug gekom en gesê. *“nou het ek heengegaan om jou insig te gee...ek het gekom om dit mee te deel...gee dan ag op die woord en verstaan die gesig [droom].”* God het die gebed van Daniël gehoor en het Gabriel gestuur om die laaste deel van die droom te verduidelik, die 2300 dae, maar meer spesifiek die gedeelte wat betrekking het op Israel.

## Die 70 Weke

*“Sewentig sewetalle [weke] is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig [droom] en profeet [profesie] te beseël en om wat hoogheilig is, te salf.*” - **Daniël 9:24**

Die woord “*bepaal*” volgens die Strong se konkordansie, beteken, “*om af te sny*”, en in Bybelse profesie is een profetiese dag gelyk aan een jaar. (*Númeri 14:34, Esra 4:6*)

Sewentig weke sal dan 490 dae wees, wat beteken volgens die Bybel: 490 jare is af gesny (*van die 2300 dae, of jare*) vir Daniël se volk, Israel. Hulle is gegee 490 jare om die goddeloosheid te voleindig en sonde tot ‘n einde te bring.

Al wat nodig is, is om te weet met wat se gebeurtenis die 490 jare begin en dan sal die presiese eindtyd daarvan bekend wees.

*“Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op ‘n Gesalfde, ‘n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine [strate – KJV] en slote [mure – KJV], maar in tye van benoudheid.” – Daniël 9:25*

Hier word aangedui dat die 490 jaar profesie begin met die opdrag wat gegee is om Jerusalem te herstel en op te bou. In **Esra 7:11-26** vind ons dat dit die Persiese koning, Artasásta is wat dié opdrag in die jaar 457 V.C. gegee het. **Vers 25** sê ook dat die bou van Jerusalem met sy mure sal gedoen word in sewe profetiese weke (49 jaar) – *Vir meer omtrent dit lees gerus die boek van Nehemia en Esra.*

Op die 69ste profetiese week (483ste jaar), in 27 N.C. kom ons uit by “’n Gesalfde [*Messías*], ‘n Vors (*Prins*)”. As ons die Skrifte ondersoek sodat ons die Messias kan vind, dan sal ons gelei word na **Johannes 1:42**, “...*Ons het die Messías gevind—dit is, as dit vertaal word, die Christus.*” In die Skrifte voor dié vers (**29-40**), verwys Johannes die doper na die Messias as Jesus, wie die lam van God is en die Seun van God. Die woord “*Messias*” beteken “*Gesalfde*”.

Die vraag is, was Jesus gesalf in 27 N.C.?  
“*En toe die hele volk gedoop en Jesus ook gedoop is, en Hy besig was om te bid, het die hemel oopgegaan; en die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos ‘n duif op Hom neergedaal; en ‘n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is my geliefde Seun; in U het Ek ‘n welbehae.*” – **Lukas 3:21-22**

Met die doop van Jesus, het die Heilige Gees neergedaal op Hom en God die Vader het Self mondelings getuig dat Jesus inderdaad Sy Seun is.

En dit is, “...Hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.” Jesus was in 27 N.C. met Sy doop, gesalf deur God met die Heilige Gees. Kort daarna het Jesus gesê, “*Die tyd is vervul*” (**Markus 1:9-15**), verwysend na hierdie profesie.

*“En ná die twee en sestig sewetalle sal ‘n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van ‘n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes,*

*maar sy einde sal met 'n oorstroming wees,  
en tot die einde toe sal dit oorlog wees,  
vasbeslote verwoestings.*” – **Daniël 9:26**

Erens na Jesus se doop, sal Hy uitgeroei of dood gemaak word maar profesie sê dat dit nie vir Homself sal wees nie.

*“En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.”* – **Daniël 9:27**

Jesus sal die verbond bevestig met die Israeliete vir een profetiese week (7 Jaar). In die middel van die 7de jaar, in 31 N.C., was Jesus dood gemaak vir die sondes van die wêreld.



*“en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael,”* – **Kolossense 2:14** Met die dood van Jesus, het die offers en al die seremoniese wette wat na Hom verwys het, die Perfekte Lam, tot ‘n einde gekom.

*“hoe sal ons ontvlug as ons so ‘n groot saligheid veronagsaam wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur die wat dit gehoor het,”* – **Hebreërs 2:3** Vir die eerste 3.5 jaar, het Jesus Self die verbond met Sy mense bevestig, en na Sy dood aan die kruis was dit Sy dissipels wat die laaste 3.5 jaar die plan van Verlossing met hulle gedeel het.

Dit is hoekom Jesus in **Matthéüs 10:5-7** gesê het, *“Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in ‘n stad van die Samaritane nie;*

*maar gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel.” Dit was omdat hulle probasie tyd op daardie oomblik nog nie verstreke was nie, en as hulle Hom net as hulle Verlosser sou aanvaar, dan kon hulle, as Sy uitgekiesde volk, die evangelie versprei na die heidense nasies om hulle. (Lukas 24:47)*

Ongelukkig, in die finale jaar van die 490ste jaar, in 34 N.C lees ons die volgende, “*En daar het sommige van die sogenaamde sinagoge van die Libertyne opgestaan, en van die Cirenéërs en Alexandryne, en van die mense van Cilícië en Asië, en hulle het met Stéfanus geredetwis.*” Dit het geëindig met Stéfanus wat sê, “*Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle. Watter een van die profete het julle vaders nie vervolg nie?*”

*Ja, hulle het dié gedood wat vooraf die koms verkondig het van die Regverdige, van wie julle nou verraaiers en moordenaars geword het; julle wat die wet deur die beskikkinge van engele ontvang het en tog nie onderhou het nie! En toe hulle dit hoor, was hulle woedend in hul harte en het teen hom op die tande gekners. Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God. En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan. Maar hulle het met 'n groot stem geskreeu en hulle ore toegestop en soos een man op hom aangestorm. En hulle het hom buitekant die stad uitgewerp en hom gestenig; ...” – **Handelinge 6:9, 7:51-58***

Probasië het vir Israel gesluit met die leiers wat Stefanus tot die dood gestenig het, nie gewillig om

die waarheid omtrent die evangelie te ontvang nie. Ons kan hierdie beginsel elders sien verduidelik word, “*Wanneer die eienaar van die huis opgestaan en die deur gesluit het, en julle begin buitekant te staan en aan die deur te klop en te sê: Here, Here, maak vir ons oop—sal Hy antwoord en vir julle sê: Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie.*” – **Lukas 13:25** Wanneer ook al Jesus gesien word staan, is ‘n deur toe gemaak, wat aandui die sluiting van probasie vir iemand.

*“En Saulus het ook sy vermoording goedgekeur. En daar het in dié tyd ‘n groot vervolging teen die gemeente in Jerusalem ontstaan, en almal is verstrooi oor die streke van Judéa en Samaría, behalwe die apostels. En godvresende manne het Stéfanus begrawe en ‘n groot rou oor hom bedrywe.*”

*Maar Saulus het die gemeente verwoes en in die huise gegaan en manne en vroue uitgesleep en in die gevangenis oorgelewer. En die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig.” – **Handelinge 8:1-4***

Die Opdrag wat Jesus aan Sy volgelinge gegee het, het nou tot die laaste woordjie tot vervulling gekom. “*En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.” – **Markus 16:15-16***

Die evangelie moes nou gevat word na die hele wêreld, na “*die ganse mensdom*”, of soos die King James Bybel (KJV) sê, “*Every Creature*”, elke Skepsel; dit beteken, elke skepsel wie die vermoë het om te kan glo. **Johannes 3:16** sê,

*“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”*  
*“Elkeen” beteken enige iemand, dit maak nie saak die ras, taal of volk nie.*

*“Hulle antwoord en sê vir Hom: Ons vader is Abraham. Jesus sê vir hulle: As julle die kinders van Abraham was, sou julle die werke van Abraham doen;” ... “Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly.” ... “Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.” ... “En moenie dink om by julleself te sê: ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek.” **Johannes 8:39, 56; Romeine 4:3; Matthéüs 3:9***

Die Jode het gedink hulle kan verlossing ontvang deur die bloed van Abraham te hê, om sy direkte nageslag te wees, maar Jesus het gesê dat dit nie die geval is nie, hulle moes die geloof van Abraham hê en die vrugte van die Gees dra.

*“So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Maak julle weë en julle handeling goed, dat Ek julle kan laat woon in hierdie plek. Vertrou nie op bedrieglike woorde nie—wat sê: Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit! Maar as julle jul weë en julle handeling waarlik goed maak, as julle waarlik reg doen onder mekaar; vreemdeling, wees en weduwee nie verdruk nie en geen onskuldige bloed in hierdie plek vergiet nie*

*dan sal Ek julle laat woon in hierdie plek, in die land wat Ek aan julle vaders gegee het, van eeu tot eeu.” – Jeremia 7:1-12*

Die Jode het gedink, en regtelik so, dat hulle God se uitgekiesde nasie en kerk is. Hulle het gedink dat hulle nooit uit God se genade kon val nie. Die profesie van 70 weke moet vir almal ‘n waarskuwing wees dat alhoewel God lankmoedig is, is Hy nie **VEREWIG** moedig nie. Om ‘n letterlike Israeliet, of deel van ‘n spesifieke organisasie of kerk te wees kan en sal nooit ‘n persoon se verlossing verseker nie. Die Israeliete, en selfs ons ook vandag, moet nie na die tempel of kerk kyk as ons middel tot verlossing nie, en ook moet ons nie kyk na ons fisiese bloedlyn of geslagsregister soos sekeres doen nie.

Verlossing is beskikbaar aan elke mens deur die genade van God, deur Jesus Christus,



aan almal wat glo in Hom en aan Hom gehoorsaam is. (*Tit 2:11; Heb 5:9*)

Israel het gevaal om hierdie boodskap van verlossing aan die wêreld te vat en probasie het vir hulle as “*uitgekiesde*” nasie gesluit.

Die boodskap wat gevind word in **Openbaring 14:6-12**, is die finale boodskap aan ‘n sterwende wêreld.

Elkeen van ons het ‘n individuele verantwoordelikheid om hierdie boodskap met die wêreld te deel.

Sal ons vaal om hierdie Opdrag uit te voer?  
Sal probasie vir ons ook sluit?

*“Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.” 1 Korinthiërs 10:11*

Daniël 9:24

Sewentig sewetalle is oor jou volk en  
jou heilige stad bepaal, om die  
goddeloosheid te voleindig en om die  
maat van die sondes vol te maak en  
om die ongeregtigheid te versoen en  
om ewige geregtigheid aan te bring  
en om gesig en profeet te beseël en  
om wat hoogheilig is, te salf.



[Liginduisternis@gmx.com](mailto:Liginduisternis@gmx.com)

Buiteblad ontwerp deur  
[biblepicturepathways.com](http://biblepicturepathways.com)